

of af sit. Dalk is 'n voedsel-piramiede 'n beter beskrywing. Die aan die onderkant van die piramiede is outomaties die uitgehongerde massa. Hulle wil ook graag daar bo uitkom. Die onderkant is besig om met so spoed te verbreed dat ek nie dink ons besef hoe vinnig dit gebeur nie.

Danie Mouton lig onlangs na aanleiding van 'n gesprek met 'n ekonoom oor die kerk die volgende uit. "SA is die 36e grootste land in die wêreld en die 32ste grootste ekonomie ter wêreld. Ons was die 28ste grootste ekonomie tot so rukkies terug. Werkloosheid van 29% is een van ons grootste uitdagings. Die wisselvallige wisselkoers verhoog koste en onsekerheid, ons het 'n lae groei koers en daar is 'n onstabiele politieke omgewing. Die DA slaag duidelik nie as opposisieparty nie. Die belangrike opposisie lê in die ANC self. Die ANC bestaan uit die Ramaphosa en die Magashule vleuels, met die groep opportuniste in die middel wat enige kant toe sal gaan soos die mag swaai. Terwyl die ekonomiese koek nie groei nie, word die aantal persone wat moet eet meer. Die belastingbasis groei ook nie. Almal word dus op per kapita basis armer. Sowat 60% van babas wat in SA gebore word, word sonder 'n pa geregistreer. Daar is reeds tweedegenerasie ontvangers van kindertoelaes. Moeders onder 18 wat toelae ontvang het wie se kinders nou weer kindertoelaes ontvang. Dit is genoeg slegte nuus vir 'n halwe dag!"

Die gevaar is dat ek my so verstrengel in die slegte nuus en almal vir alles blameer dat ek nie meer met 'n smile die deur vir die volgende persoon kan oopmaak nie. En dit gebeur. Waar kom die hoop dan in? Ek sien die hoop in mense se gesigte elke keer as mens by iemand kom in die township, of by iemand in die straat, of by die voordeur en stilstaan en vir 'n oomblik die persoon of persone kans gee om agter te kom daar is iemand wat luister of belangstel. Die hoop is Christus en dit is al wat ons persoonlik by mense kan los. En ons probeer dit doen orals waar ons kom, en op verskillende maniere.

Ons wil graag almal in die omgewing uitnooi na ons jaarlikse ondersteuners ontbyt op Saterdag 7 Maart om 9h00 te Van Stadensrivier Boerevereniging se lokaal te Fitches Corner. Kom eet 'n lekker plaas-ontbyt saam met ons teen net R80 per persoon en kom geniet die saamwees. Bevestig met my of Sugnet nie later as die 2e Maart nie. Baie dankie vir almal se ondersteuning en belangstelling die afgelope paar maande. Ons waardeer dit opreg.

### Ons Besonderhede

GAP Ministries, Brockett Straat 9, De Mist, Uitenhage  
Pierre Sel: 0833703592 Sugnet Sel: 0834014517

Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage: 4056657942  
[www.goandproclaim.co.za](http://www.goandproclaim.co.za) [www.facebook.com/goandproclaim](http://www.facebook.com/goandproclaim)



GAP MINISTRIES

# GAP NUUS JAN 2020

Personlike Nuusbrief van

**Pierre, Sugnet, Pieter en Eldi van Wyk**

*"..verkondig elke dag Sy reddingsdade" -Ps 96:2*

Liewe Vriende,

Baie water het baie vinnig in die see geloop sedert die September 2019 nuusbrief. Daar was nie kans om die einde van die jaar nuusbrief, of om selfs die gewone kerskaartjies te stuur nie, so ons wil julle graag deur hierdie nuusbrief weer op hoogte bring van ons gesin se lief en leed en ook die bediening se aktiwiteite. Anders as Sugnet se jaar begin my jaar nooit met 'n "bang" nie, wat ietwat frustrerend is, maar dit het ook sy voordele en gee mens meer kans om die jaarbeplanning, drome en ideale almal in 'n ry te kry en dit deur te bid, weer 'n stuk van die huis te verf en om die stoor op die plaas verder skoon te maak.

Hier kort na die kersmark is ons af Kaap toe vir Eldi se gradeplegtigheid by UCT. Die Kaap was toe alreeds snikheet warm en vol mense wat soontoe gestroom het vir die sewes toernooi, vermoed ek. Of dalk is die plek maar altyd so vol mense? So moes sy eers aanmeld vir al die funksies voor die grade-toekenning, hulle togas gaan aanpas en nog 'n klomp ander papierwerk afhandel. Daar het so net 'n raps oor die 1000 studente grade ontvang en was sy van almal omtrent die heel laaste een wat die paadjie moes opstap verhoog toe. Genadiglik was die studente ingedeel oor twee dae en ses verskillende sessies en was die 2 ure se stilsit nie te ondraaglik nie en was die lekker om die laaste fotos te neem in die sterk skemer agter Tafelberg met die liggies op die kaapse vlakte wat so een na die ander aangekom het. Gradeplegtighede by UCT en seker elders ook het heelwat verander en is glad nie meer die norske, onpersoonlike en formele byeenkomste wat ons geken het nie. Dit het verander in 'n baie kleurvolle en uitbundige en lawaierige funksie wat die diversiteit van ons land en die studente gemeenskap by UCT baie goed uitgebeeld het. En dit is nie eers om te praat van die klomp bleek Engelse en ander Afrikane wat ook hulle grade ontvang het nie.

Kersfees het ons onder die radar gevier en alles probeer regkry vir ons besoek aan die Noord-Kaap. Pieter het die dag voor kersfees in die Baai geland na hulle Indië uitreik. Hy was maar redelik gedaan en uitgehonger na 'n stuk vleis. Hieronder volg 'n uittreksel uit Pieter se

terugvoer verslag oor hulle Indië uitreik. Korttermyn uitreike is lewensveranderend en ek glo ook die keer was dit nie anders nie. Dit verander mens se uitkyk op die lewe en op jou eie situasie. Soos hy vertel het na dese, dat ons armoede, en swak bestuurders nie naby aan die situasie in Indië kom nie. En nerens in Indië kry mens vleis nie, omdat alle beeste heilig is. Dit het my 'n rukkie gevat om daai een te verwerk maar dit is die hartseer van die werklikheid.

"It turned out that most of our days consisted of house visits where we prayed for people, ate samosas and shared the Gospel. We enjoyed the local church family a lot, I haven't laughed so much in a long time. I wish I could share with you all the visits but that would take another 10 documents so I'll stick to some highlights. I was confronted by how much physical idols there are and how people religiously followed them. We visited a few houses where people still had shrines in their houses even though they were Christians. Some of them decided to get rid of them and others refused after we shared scripture and explained God's jealous heart to them. To many of them Jesus was just another addition to their multitude of god's. From what I could gather it was a very fear driven way of life, 'if I don't worship this god I'll be cursed'. We prayed for people with addictions and shared on how important it is to slot into a Church community to help them overcome their sin. Many of them hung with the wrong crowd. We also prayed for many families where there was a lot of friction between the Hindu's and Christians inside the family circles.

The local Church has a strong follow up system in place where they regularly send out people to go pray for and encourage people that are sick. We prayed for many people for all sorts of physical problems. My highlight was praying for a sick lady that had cancer. She also gave her life to Jesus and it is wonderful to know that her suffering would be eclipsed by Jesus. She now has hope".

Ons is bly hulle groepie is veilig terug met baie getuienisse oor wat die Here daar gedoen het en steeds doen. So is ons tasse gepak vir die Noord-Kaap en het Eldi 'n paar keer in en weer uitgepak in 'n poging om seker te maak ons los niks wat sy gaan nodig hê nie en sy vat niks saam wat sy nie gaan nodig kry nie. Ons eerste stop was op Vanderkloof daar langs die Vanderkloof Dam daar langs die Oranje Rivier of is dit nou in die Oranje Rivier. Van julle sal dit onthou as die ou PK Le Roux Dam. Pieter werk tans daar vir Vanderkloof Tegnologie. Die maatskappy is begin deur "oom Bertus" in sy garage wat intussen 'n

ronment is already battling to keep body and soul together, let alone have the energy to begin clearing vast amounts of rubbish.

Everywhere there is evidence of lack of concern by the authorities. I recall an occasion when I wondered whether I should laugh or cry when approaching a huge expanse of water on the road. As I started taking a detour, one of the pastors accompanying us on the day called out in Xhosa, "no, you can't take a detour. You have to cross the Red Sea just as the Israelites did."

I looked around to find the source of the water and there it was. Good municipal water was running strongly from a pipe that had clearly been placed there by residents to lead the stream from a municipal leak into the street and away from their homes. The lush green grass growing on the banks of this man-made "Red Sea" was a clear indication that the precious municipal water creating the mini "lake" had been running for many months. What was I to do, to laugh about the Red Sea joke or to cry at the wastage of precious municipal water? I cried!!

In Khayamandi (Nice Home!!) we encountered another area of lush green grass but this time it wasn't water sustaining the vegetation, but foul-smelling raw sewerage bubbling up from a manhole cover. The sight and the stench of the leaking sewer was overpowering and just across the road were the homes of our fellow citizens. We, the prayer walkers, could pray that the sewers would soon be cleared, but not so the residents. Yes, the residents can pray, but have to live with the sight and stench day after day! How can our ward councillors and metro officials be so dismissive of the basic human rights and dignity of our citizens as to allow such a situation to persist for as long as it takes to grow long lush green grass?

Having "prayer walked" our metro following the example of Nehemiah, and having seen first-hand the brokenness of our city we, the people of God, are called to be part of the solution. In the words of Isaiah, we are to be "repairers of broken walls and restorers of streets with dwellings." (Isaiah 58; 12). Hierna kan ons maar net sê amen.

### **Piramiede van Hoop**

Die stroom mense hier by die voordeur raak al hoe meer by die dag. Ons respons wissel tussen 'n gevoel van inspirasies aan die een kant van die kontinum, hulle kry die woord, tot irritasie aan die ander van die kontinum. Hulle kry net brood. Dit is die mense aan die onderpunt van die voedselketting wat hier verby kom, want hulle is regtig honger en desperaat. Daar is kansvatters ook maar ons kan hulle uitsnuffel. En dan is daar die wat soos 'n seekat hulle arms deur die hek steek om die klokkie se skakelaar by te kom waar ons hom aan,

## Nehemia Gebedsroete

Dit was alreeds warm, maar net voor die ergste hitte gekom het, het die "Nehemiah Prayer Walk" hier einde November by ons verby gekom. Ons het ingeval by die Bishop en 'n klomp ander stappers en die sowat 30 km van ons deel van die roete oor 'n paar dae saam met hom gestap in my "safetyboots". Hiernaas is 'n verkorte weergawe van die artikel wat in "The Herald" van 20 Januarie verskyn het. Dit gee basies sy indrukke en is dit 'n goeie opsomming van ook ons belewenis daarvan. Die uitsigloosheid van baie mense wat ons op die pad raakgehoop het was opvallend. En ook die baie mense, oud en jonk wat net doelloos rondsit of dwaal. Dit was 'n gebedsreis en het ons so in die stap die mense en die omstandighede voor die Here se voete gelê met 'n verwagting dat daar 'n draaipunt vir hulle gaan kom. Die artikel los mens met 'n misrabele gevoel, maar dit is ongelukkig die realiteit. Dit konfronteer mens met die vraag, wat daarvan? Hieroor meer later.

**We need to fix our broken metro by** Former Anglican Bishop of Port Elizabeth. Bishop Eric Pike

"As I write this article a ceiling fan is wafting cool air over me while the outside temperature hovers around 35° C. This makes me think about the people of Kleinskool, Booyesen's Park, Khayamandi, Langa and other parts of our metro. They have just the tiniest of shack in which to find shade or shelter from the elements. For many there is no running water in the shack to quench their thirst. I can picture and almost "feel" these people's plight on a day like this, because I've been there!

In November 2019, together with my wife Joyce and a number of other prayer walkers who joined us on the different stages, we embarked on a 200-kilometre Nehemiah Prayer Walk through all the 60 wards of the Nelson Mandela Bay Metro. The route has been developed by Transformation Christian Network. These are some of my most vivid memories. How ought I have to responded to the elderly man, sitting outside his shack in Langa, (Uitenhage) who called out to me in Xhosa as I walked past. "Can you not help us clear the rubbish in which we live?" Scattered around us was tons of rubbish of every sort desecrating the environment. And that was what we found in the vast majority of the wards of our metro.

Day after day as we walked, I was overwhelmed by the tons and tons of rubbish scattered everywhere. How can we allow the vast majority of our fellow-citizens in our metro to live amidst such filth and rubbish?

By failing to collect and to clear the rubbish that is drowning our people we are robbing them of their dignity. You may ask, "but why don't the citizens clear the rubbish themselves?" But to ask such a question is to not understand the scale of the problem. Anyone living in such an envi-

stoor geword het. Oom Bertus is al in sy 70's maar nog net so vol planne en ambisie as toe hy die maatskappy begin het. Die maatskappy installeer sisteme wat die voggehalte in die boer se besproeiingsland meet en die inligting dan via so 'n grys boks na die boer, wat op sy stoep sit en koffie drink, se app stuur. Dit is die prentjie wat ek in my kop het maar dit is blykbaar meer ingewikkeld en blykbaar is die koffie nie deel daarvan nie. Die boer kan dan via die app sy spilpunte dienooreenkomstig aan of afsit, van rigting laat verander ensovoorts. Die persone, almal jong manne, wat se werk dit is om die sisteme te instaleer en in stand te hou word skeduleerders genoem en werk hulle al langs die Oranje- en Vaal Rivier af sover as Prieska. Pieter se verantwoordelikheid onder andere is om die komponente wat deel is van die sisteem te verbeter, nuwes te ontwerp, te vervaardig en te toets todat dit uiteindelik werk. So is hy besig met die ontwerp van ander produkte ondermeer om die vloei van water in die kanale beter te reguleer, ook via 'n app. Dalk sal die boer tog eendag van sy stoep af kan boer.

So maak ons 'n draai op Hartswater om van die skeduleerders daar te ontmoet saam met wie Pieter werk. Vir ons was dit soos 'n oase, 'n groen see van bome en lusernlande met so hier en daar 'n lappie waatlemoene tussenin. Sitrusboorde het plek gemaak vir pekaneutbome en is dit nie meer boorde nie maar plantasies. Kilometers aanmekaar. Blykbaar is Japan een van die grootste markte vir die neute en is dit tradisie vir hulle om tydens kersfees vir mekaar pekaneute te gee.

In Kimberley het ons so paar dae oorgebly om vir Eldi te help om haar voete en roete te vind tussen haar blyplek en die ou Kimberley Hospitaal wat nou die Robert Mangaliso Sobukwe Hospitaal geword het, en waar sy haar gemeenskapsjaar gaan verrig. Die admin voor die tyd en tydens hulle registrasie by die Hospitaal het ons nogal beïndruk en kon ons met 'n geruste hart haar daar los. Sy bly ook saam met ander "comserve" studente in 'n huis wat in 8 wooneenhede omskep is. Die eienaar, 'n wild veearts, het ons so vinnig 'n paar riglyne gegee hoe om in Kimberley te oorleef. Ook hy het gemeld dat Kimberley een van daai plekke is waar jy huil die dag as jy daar aankom, en weer huil die dag as jy vertrek. Dit klink baie soos Uitenhage. Ons het vinnig 'n draai gemaak by die groot gat en deur die myndorpie gestap wat nogal 'n goeie idee geskep het van hoe woelig dit daar moes gegaan het. Daar was naby 50 000 delwers doenig daar op 'n stadion en is amper 2 ton se diamante gemyn. Ek

kan my voorstel dat die kroegman en die dominee selde op vakansie gegaan het.

Buite Kimberley het ons 'n draai gemaak op Platfontein. Dit is een van net twee oorblywende San gemeenskappe in Suid-Afrika wie se geskiedenis en lief en leed ons nou al vir 'n klompie jare volg. Alhoewel die gemeenskap oor die jare al hoe meer geïntegreerd geraak het het dit nogsteeds kenmerkende eienskappe van die tradisionele San gemeenskappe. Sosiale probleme ondermeer drankmisbruik het die eens trotse nasie in uitsigloosheid gedompel. Ons vertrou dat ons weer daar sal kan uitkom, en die keer langer daar sal kan vertoef.

Sugnét hulle het so pas weer ingeval by Huppelkind op die warmste week van die somer en terwyl die sweet almal afgestroom het met 'n glimlag al die nuwe kinders ontvang en die ouers verseker dat hulle kinders nou in die beste hande gelaat word. Ek kan my voorstel dat dit moet wees soos om 'n geskenk oop te maak. Jy weet nie watter persoonlikheid daar gaan uitkom, en hoe vinnig dit gaan uitkom nie! Baie sterkte aan al die personeel daar! Die plaas se boedel is hopelik binnekort afgehandel en met die grond se eienaarskap wat dan verwissel na Sugnet toe sal ons die volgende moeilike tree moet gee so bid asseblief vir baie wysheid.

## Joël 2

Oudergewoonte in die begin van elke jaar kom ons netwerk koördineerders van oor die Metro bymekaar om te besin en te beplan vir die jaar se aktiwiteite. Dit was my beurt die keer om Bybelse riglyne te vind wat ons kan help om fokus te behou deur die jaar, wat nie altyd so maklik is nie. So, ek sal almal weer daaraan herinner later in die jaar. Dié kry ek in die boek van Joël daar in die helfte van die tweede hoofstuk. 'n Bekende gedeelte waar die klimaat drasties verander tussen die eerste en tweede hoofstuk nadat die Here sy volk aan die kraag beetgekry het en Hy die reëls en voorwaardes aan hulle voorgehou het vir beterskap. Die Engelse Bybel stel dit nog sterker. Daar word verwys na 'n deklarasie wat die Here maak, met voorwaardes. En dit was nie baie gewilde voorwaardes nie, maar dit het groot belofte ingehou vir die Israeliete wat op daardie stadium hulle hart vir die Here elders gaan verkwansel het. Die Here het duidelik nie meer hulle harte in Sy hande gehad nie. So kry ons die voorwaardes een na ander daar van vers 12 af. Die Here roep Israel op om in plaas daarvan om hulle klere te versnipper, hulle hulle harte sal versnipper, en dit terwyl hulle vas, huil en

treur!

Dan volg die oproep om met 'n groot geraas die gemeente bymekaar te maak, en word daar sekere mense uitgesonder. Die leiers, kinders, bruid en bruidegom en natuurlik die priesters wat tussen die masse mense en die Here moes gaan staan het. Die oproep was gerig aan almal, jonk en oud en die wat besig was met belangrike dinge om alles net so te los. Christus het intussen ons tussenganger geword, maar vir die res het daar nie veel verander nie.

Tydens ons gesprek het iemand gewys daarop dat die tydperk van Joël inderdaad 'n tyd van herlewing in Israel se geskiedenis ingelei het. Mens sal die tydsverloop moet gaan navors om te kan bepaal of dit wel die geval was aangesien die boek self nie daarvoor handel nie. Die laaste klompie jare was ons besig om as netwerk in die Metro en saam met ander netwerke elders in die land hierdie voorwaardes en beloftes, wat ook vir ons vir vandag geld, op 'n praktiese uitvoerbare manier met mense te deel. Die afwaartse spiraal waarin die land hom bevind lyk al hoe meer na die donker dag van die Here wat in die eerste hoofstuk van Joël beskryf word. Maar daar is hoop, volgens Joël.

Aan die begin van elke jaar besin ek en Sugnet saam, en ons op ons eie, wat die Here vir ons sê om te doen. Hierdie jaar vat dit vir my persoonlik bietjie langer. Wat ek wel weet is dat ons moet volhard om die Kerk van Christus te bly mobiliseer om op praktiese maniere Sy aangesig te soek. En om Hom toe te laat om in my persoonlike lewe van die modder onslae te raak. En waar mense moeg geword het, te help om weer moed te kry, totdat die deurbrake kom.

Die afgelope paar jaar kon ons ons reikwydte binne en buite die Metro elke keer uitbrei, en ons vertrou dat ons dit ook hierdie jaar sal kan doen. Die beplanning is om verder noord as net die Oos-kaapse dorpe te besoek, en te doen wat ons tot nou toe gedoen het. Om gebedsnetwerke wat reeds bestaan te versterk en om daar waar nie netwerke is nie, te help om dit te vestig. Gebedsnetwerke bly steeds die maklikste manier om kerk eenheid te bewerkstellig wat weer 'n hele klomp ander "spin-offs" het soos ons telkens gesien het. Ons hoor en sien wonderlike verhale van hoe die Kerk besig is om in te spring om 'n verskil in 'n gemeenskap te maak. Ons is in die verband baie bederf in SA om met soveel vrymoedigheid so maklik betrokke te kan raak.